SONDAG VIR

PERSONE MET GESTREMDHEID

"ROOM For More" U
RAMP
People with disabilities at Home in the Church
www.rampup.co.za

KREATIEWE IDEES VIR 'n SPESIALE DAG

Datum: Jaarliks die laaste Sondag in Augustus 2016 – of ’n ander datum wat u kerk-program pas

Tema: Kies 'n gepaste tema of gebruik die tema: Almal behoort aan die Liggaam van Christus

Die Kerk en gestremdheid? Hoort hulle saam?

Na raming is 95% van persone met gestremdhede nie by die Kerk betrokke nie. Daar mag baie redes hiervoor wees. Een hiervan is die negatiewe ervarings wat sommige mense met gestremdhede in die Kerk gehad het:

*“Ek wens ek kon regtig aan die Kerk **behoort**, soos ander wat ’n rol van hulpvaardigheid daar kan speel. Dit voel egter vir my asof die Kerk net op my beperkinge fokus; dus kry ek nie die geleentheid om my talente uit te leef nie.*

Omdat ek in ’n rolstoel is, dink hulle ek kan mysélf nie help nie, wat nog van iemand anders!”

Sondag vir Persone met Gestremdheid is ’n jaarlikse geleentheid om oorweging te gee aan die vraag: “Stel ons persone met gestremdheid in staat om werklik deel te wees van ons geloofsgemeenskap?”

Voorstelle vir aktiwiteite op Sondag vir Persone met Gestremdheid

1. Begin ’n besprekingsgroep en besin oor die volgende vrae:

- Watter ervarings het persone met gestremdhede in ons kerk?
- Om watter redes besoek min of geen mense met gestremdhede nie ons kerk nie?
- Op watter maniere kan ons met mense met gestremdheid in gesprek tree, sodat ons na hulle ervarings kan luister?
- Wat sou werklike insluiting en ‘tuis-wees’ vir persone met gestremdheid beteken?

- Op watter praktiese maniere kan ons insluiting en ‘tuis-wees’ binne die Kerk as deel van die Liggaam van Christus versterk?

2. Oorweeg die volgende beginsels vir insluiting en ‘tuis-wees’:

- Beklemtoon dat persone met gestremdhede na die beeld van God geskape is en dat almal deel vorm van die Liggaam van Christus; bedoelende dat elkeen waarde, waardigheid en geestesgawes het.
- Om werklik tuis te voel in die Liggaam van Christus, moet elkeen se rol so betekenisvol wees dat lidmate hulle sal mis as hulle afwesig is. Dit behoort vir almal te geld, ook vir diegene met gestremdhede.

3. Hou ’n interessante erediens wat insluiting en ‘tuis-wees’ beklemtoon:

- Vra persone met gestremdhede in u gemeente om in die erediens leiding te neem, byvoorbeeld: 'n preek, te sing, ’n getuienis te lewer, ’n gedeelte uit die Bybel te lees, te bid, of watter bydrae hulle ook al wil lewer.
- Nooi mense met gestremdhede in u gemeenskap om u erediens by te woon. Reël vir hulle vervoer, indien nodig.
- Maak seker dat mense regtig welkom voel. Kyk na die wenke vir plekaanwysers op die RampUp webwerf.
- Nooi ’n personeellid van 'n organisasie betrokke by gestremdes in u gemeenskap om ’n kort inleiding te gee van ’n spesifieke tipe gestremdheid. Mense met gehoorverlies kan byvoorbeeld demonstreer hoe hul kommunikeer deur middel van liplees of gebaretaal.
- Vertoon ’n kort video: byvoorbeeld hoe ’n gemeente mense met spesiale behoeftes kan ondersteun. ‘You Tube’ op die internet het interessante voorbeelde.
- Reël 'n spesiale geleentheid waar kinders meer oor gestremdheid kan leer, byvoorbeeld 'n rit in ‘n rolstoel, lees uit die Braille Bybel of om 'n speletjie saam met gestremde kinders te speel. Hanteer so iets egter met die nodige sensitiwiteit en respek.

4. Beplan verdere aktiwiteite vir insluiting en ‘tuis-wees’:

Besoek gerus die RampUp webwerf waar baie nuttige dokumente beskikbaar is ten einde voortgaande insluiting van gestremde persone te verseker –

Sien www.rampup.co.za. Kontak persoon: Erna Möller – erna@tlm.co.za